# HOOFSTUK 2

# DIE AARD VAN 'N STAATSONDERSTEUNDE SKOOL

## 2.1 Inleiding

Met die instelling van die staatsondersteunde skole het daar belangrike verskuiwinge plaasgevind soos dat onderwysbeheer, -bestuur, -finansiering,-aanspreeklikheid, -verantwoordelikheid en veel meer sake in 'n baie groter mate vanaf die staat (en sy onderwysdepartemente) oorgedra is na die skool en sy plaaslike gemeenskap (Van Schalkwyk & Oosthuizen, 1993:65).

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die verskillende **skooltipes** in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel, die verskillende **rolspelers** wat belang het by die staatsondersteunde skool, die onderlinge verhouding tussen die **hoof** en die **bestuursliggaam**, die skool as 'n **regspersoon** en ten slotte die **voor- en nadele** van die staatsondersteunde skool.

## 2.2 Die staatsondersteunde skool in die SA-skolestelsel

Die **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal** (HAT, 1984:1058) definieer 'n staatskool as 'n openbare skool deur die staat *gefinansier* en *beheer*, terwyl staatsondersteuning dui op 'n instansie wat geldelik deur die regering *gesteun* word. Luidens artikel 31(1) van die Wet (Wet 70 van 1988) berus die bestuur, beheer en uitvoerende mag van 'n staatsondersteunde skool by die bestuursliggaam. Volgens artikel 31 van dieselfde wet kan die minister 'n subsidie uit staatsfondse aan die

staatsondersteunde skool toeken. Hierdie subsidie word aangewend vir die besoldiging van onderwysers en amptenare aan die skool.

### 2.2.1 Agtergrond

Die gesamentlike effek van ekonomiese agteruitgang aan die een kant en bevolkingsgroei aan die ander kant het toenemende druk op die onderwysstelsels van minder ontwikkelde lande geplaas (Bray, 1986:buiteblad). Die gevolg was dat regerings gedwing was om na alternatiewe te soek om hulle onderwysstelsels te finansier.

Die beginsel van staatsondersteuning aan skole is nie vreemd in die skoolstelsels van Afrika nie. Die bekendste voorbeeld is waarskynlik die Harambee-skole in Kenia wat in wese deur die ouers onderhou word in dié gemeenskappe waar hierdie skole voorkom (Bondesio, 1989:304). Omtrent alles in dié skole moet deur skoolgeld wat deur leerlinge betaal word, gefinansier word (Shiman & Mwiria, 1987:371). Die salarisse van sommige van die onderwysers word deur die staat betaal. In Swaziland was die praktyk dat die staat die vloere, pilare en dak van die klaskamers opgerig het, terwyl van die gemeenskap verwag is om die mure te voorsien (Bray, 1986:29). In Malawi het die staat die meeste van die materiaal wat benodig word vir die bou van die klaskamers voorsien; terwyl die gemeenskap arbeid, sand en stene voorsien het (ibid.)

Ook in ander lande het die beginsel van onafhanklike skole met staatsteun begin posvat. In Brittanje is ouers reeds in die Thatcher-era aangemoedig om vir groter outonomie aansoek te doen en sodoende 'n groter mate van onafhanklikheid te handhaaf (Garbers, 1992:6).

Privaatskole in die voormalige Wes-Duitsland is, volgens Holtappels en Rösner (Weiss, 1989:199), in 1983 met gemiddeld 4 578 DM per leerling gesubsidieer. Dit kom daarop neer dat tussen 75 en 90 persent van die lopende uitgawes van die skole deur die verskillende *Länder* gesubsidieer word.

Reeds in 1979 met die Wet op Onderwys en Opleiding (Wet 90 van 1979) word 'n staatsondersteunde skool in Suid-Afrika gedefinieer (artikel 1). Artikel 8 van bogenoemde wet handel oor die bestuur en die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool. Alhoewel die begrip, staatsondersteunde skool, dus relatief nuut in blanke onderwys mag wees, is dit al meer as 'n dekade in gebruik in swart onderwys.

Uit voorafgaande is dit duidelik dat daar in die onderwysstelsels van Westerse sowel as Afrikalande voorsiening gemaak is vir 'n groter betrokkenheid van die gemeenskap en die ouers in die finansiering en bestuur van die skool as wat 'n suiwer staatskool bied.

### 2.2.2 Verskillende skooltipes in Suid-Afrika

Word daar na die verskeidenheid skooltipes van die wêreld gekyk,en veral na die finansieringsaspek van die skole, word 'n kontinuum gekry. Aan die een uiterste is daar dié skole wat in totaal deur die gemeenskap gefinansier word, terwyl daar aan die ander punt van die spektrum die skole is wat in totaal deur die staat in stand gehou word (Bray, 1986:14; Mentz, 1991:29). Die oorgrote meerderheid skole is iewers tussen die uiterste pole geleë. Die staatskole in Suid-Afrika word hoofsaaklik deur die staat gefinansier, maar ouers dra by tot 'n skoolfonds wat hoofsaaklik aangewend word vir sport- en

kultuuraangeleenthede (Bosman, 1991:2). Privaatskole in Suid-Afrika aan die ander kant is hoofsaaklik op die ouers en die gemeenskap aangewys vir finansiering, maar kry tog ondersteuning van die staat wat wissel van 15 tot 45 persent van hulle bedryfskostes (Maker, 1992:9). Dit is dus duidelik dat omtrent alle skole in Suid-Afrika in 'n mindere of meerdere mate staatsondersteund is.

Volgens Bosman (1991:2), Garbers (1992:6), Kruger (1992:25) en Maker (1992:9) is die volgende skooltipes of skoolmodelle in Suid-Afrika te onderskei:

**Bestaande privaatskole**: Dit is skole waar die onderwysers in diens van 'n bestuursliggaam is en dienooreenkomstig besoldig word. Hierdie bestuursliggaam bepaal die aantal onderwysers by die betrokke skool, hulle salarisse en diensvoordele. Die bestuursliggaam het groot outonomie oor sake soos finansies, personeelaanstellings en toelating van leerlinge. Die leerplanne en onderwysstandaarde word egter streng deur die staat beheer. Die staat betaal 15% tot 45% subsidie om die bedryfsuitgawes van die skool te dek, afhangende daarvan of die skool aan sekere minimum vereistes ten opsigte van sillabusse en fasiliteite voldoen. Dit kos ouers ongeveer R2500 tot R4000 per jaar aan skoolgeld.

**Model A**: 'n Staatskool wat deur die keuse van die ouergemeenskap in 'n privaatskool omskep word. Die staatsubsidie aan hierdie tipe skool word oor 'n tydperk van drie jaar verminder tot 45 persent van die bedryfsuitgawes. Die onderwysers word deur die bestuursliggaam van die skool aangestel en is in hulle diens. Hierdie skole bepaal hulle eie toelatingsbeleid en administreer

alle onderwysaangeleenthede volgens die beleid deur die skool neergelê. Leerplanne en standaarde word deur die staat beheer.

**Model B**: 'n Staatskool waar die toelatingsbeleid deur die bestuursliggaam bepaal word, op voorwaarde dat 51% van die leerlingtal blanke leerlinge is. Skoolgeld is nie verpligtend nie maar mag gehef word vir addisionele fasiliteite en wissel van R300 tot ongeveer R900 per jaar. Bedryfsuitgawes en salarisse van onderwysers word deur die staat betaal. Die aantal onderwysers word deur departementele voorsieningskale bepaal. Leerplanne en onderwysstandaarde word deur die staat neeergelê en beheer. Die bestuursliggaam van hierdie tipe skool vervul slegs 'n adviserende funksie.

**Model C**: 'n Staatsondersteunde skool wat bestuur word deur 'n bestuursliggaam wat bestaan uit die hoof en ouerverteenwoordigers. Staatsubsidie dek die salaris van onderwysers en amptenare wat aangestel word volgens voorgeskrewe skale. Addisionele onderwysers kan deur bestuursliggame uit eie fondse in diens geneem word. Die ouers is deur die bestuursliggaam verantwoordelik vir die instandhouding en bedryf van die skool. Die bestuursliggaam besluit oor die aanstelling van onderwysers, toelatingsvereistes en die omvang van die vakkeuses. Leerplanne en standaarde word deur die staat voorgeskryf en beheer.

**Model D**: Eertydse staatskole wat, as gevolg van dalende leerlinggetalle, moes sluit en weer as veelrassige skole heropen is. Leerlinge van enige gemeenskap mag by hierdie skole inskryf en daar is geen kwotabeperkings van toepassing nie. Hierdie skole word bedryf deur die Departement van Onderwys en Kultuur met finansiële steun van die Departement van Onderwys en Opleiding. Die staat betaal die bedryfskostes en salarisse van

onderwysers. Die bestuursliggaam bepaal die skoolfonds waartoe ouers dan vrywillig kan bydra. Skoolfonds is gewoonlik nie meer as ongeveer R300 per jaar nie. Leerplanne en standaarde is volgens voorskrifte soos deur die staat bepaal.

**Status quo-** skole: Staatskole wat die tradisionele toelatingsbeleid van die Departement van Onderwys en Kultuur gevolg het, naamlik toelating vir slegs blanke skoliere. Die bestuursliggame van hierdie skole tree slegs in 'n adviserende hoedanigheid op. Die staat beheer die skool, betaal vir bedryfsuitgawes en die salarisse van onderwysers. Vrywillige skoolfondsbydraes wissel van R20 tot ongeveer R200 per jaar.

Die beginsel van staatsondersteuning en gemeenskapskole is dus nie 'n nuwe konsep in Suid-Afrika, Afrika en selfs ander lande van die wêreld nie. In die Suid-Afrikaanse skoolstelsel is daar 'n verskeidenheid grade van staatsondersteuning aan skole wat wissel van privaatskole aan die een kant met 'n minimum staatsondersteuning en maksimale outonomie tot staatskole aan die ander kant wat in totaal deur die staat onderhou en bestuur word. Dit is dus duidelik dat in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel 'n redelike verskeidenheid skooltipes aangetref word. Hierdie navorsing is spesifiek gerig op 'n spesiale soort staatsondersteunde skool, naamlik die model C-skool, waar staatsondersteuning beperk is tot die salarisse en ander diensvoordele van onderwysers en ander skoolamptenare volgens vasgestelde skale (Wet 70/1988, artikel 97). In hierdie geval beteken dit dat die staatsbydrae sowat 83% van die skool se begroting uitmaak, terwyl die ouers verantwoordelik is vir die oorblywende 17% (Van der Walt, 1992:17).

Dit wil voorkom asof die staat 'n mindere rol speel by die staatsondersteunde skool en dat ander rolspelers 'n belangriker rol begin speel. In die volgende gedeeltes sal daar van nader gekyk word na die verskillende rolspelers by die staatsondersteunde model C-skool.

## 2.3 Rolspelers by 'n staatsondersteunde skool

Volgens Van Schalkwyk (1989:15) is die onderwysstelsel 'n middel waaroor die gemeenskap beskik om sy leerders vir hulle lewenstaak in en tot voordeel van die gemeenskap voor te berei. Die gemeenskapsektore wat gewoonlik baie nou by die onderwys betrokke is, is die ouergemeenskap, die owerheid (staat), die bedryf(werkverskaffers) en die kerk (geloofsgemeenskap).

### 2.3.1 Die staat

Die staat bepaal die peil van die onderrig van sy burgers (Van der Walt & Dekker, 1983:104). Ter wille van algemene welsyn en beskawing is die staat verplig om algemene, nie-staatlike ondernemings (onderwys) te inisieer, te ondersteun en desnoods te sorg dat dit doeltreffend funksioneer (Van Schalkwyk, 1988:70). Omdat die staat feitlik die enigste instansie is wat oor die mag, geld en administratiewe infrastruktuur beskik om onderwysvoorsiening en -koördinering te behartig, het die greep van die staat sedert die Tweede Wêreldoorlog op die onderwys sterk toegeneem (Stone, 1985:110).

Volgens Van Schalkwyk (1981:111) was die staat se belangrikste funksies deur die departemente van onderwys die volgende:

* Die organisasie en administrasie van die opvoedende onderwys op 'n deurlopende grondslag;

* die oprigting van skole en instelling van hulpdienste en allerlei opvoedingsdienste;

* eksaminering en alle verwante aspekte;

* onderwysopleiding, indiensneming en vergoeding;

* gereelde inspeksies van inrigtings, onderwysers en leerlinge;

* bepaling en voorsiening in die personeelbehoeftes van skole;

* opstel van die skoolkalender;

* voorsiening van onderwysfasiliteite;

* skakeling met die onderwys in wêreldverband, en

* inisieer en onderneem van onderwysnavorsing.

Uit bogenoemde moet daar met Stone (1985:111) saamgestem word dat die staat 'n oormatige en eensydige greep op die onderwys begin uitoefen het en dit is duidelik uit die volgende aspekte waar te neem:

* Alle belangrike besluite oor die onderwys en alle werklike beheer het in die hande van die staat gerus.

* Alle finansiering van die onderwys is deur die staat gedoen.

* Die private sektor het betreklik los van die onderwys gestaan.

* Ouers het weinig betekenisvolle inspraak en verantwoordelikheid in die onderwysstelsel gehad, en was daar vir hulle min aansporing om betrokke te wees en 'n ondersteunende rol te speel. Baie het die skool nie beleef as eie goed van die gemeenskap nie, maar as die staat of die 'departement' se skool.

Die staatsondersteunde skool is dan juis 'n poging om hierdie eensydige greep van die staat op die skool te verminder. Waar die staat vantevore alle beheer oor die skool gehad het, word die bestuur, beheer en uitvoerende mag, kragtens artikel 31(1) (Wet 70 van 1988),in die hande van die bestuursligaam geplaas. Kragtens artikel 30(1) van dieselfde wet word die staatsondersteunde skool 'n regspersoon en word ouers wat vantevore op die kantlyn gestaan en kyk het, nou in die speelveld van besluitneming, beheer en bestuur betrek (De Jager, 1992:1). Baie van die funksies wat tevore in die staat gesetel was, is nou afgewentel na die gemeenskap in die hande van die bestuursliggaam (vergelyk 2.3.4.2). Die wet noem nêrens dat inspeksies, kurrikulering, eksaminering en derglike funksies ook na die skool afgewentel word nie. Artikel 6 (Wet 70 van 1988) omskryf die magte van die onderwyshoof en uit hierdie artikel is dit duidelik dat die staat by magte van die onderwyshoof hierdie funksies voorbehou. Dit kan dus aanvaar word dat hierdie funksies in die hande van die staat, naamlik by die verskillende onderwysdepartemente sal bly. In die verband noem die Departement van Onderwys en Kultuur dat hulle via die uitvoerende onderwydepartemente sal voortgaan om die volgende dienste aan model C-skole te lewer (DOK, 1992a:2):

* vakkundige dienste;

* professionele hulpdienste;
* eksaminering, evaluering en sertifiseringsdienste, en
* die voorskryf van die nasionale leerplan.

Dit blyk dus dat die rol van die staat in die staatsondersteunde skool ietwat verskraal het tot 'n stille vennoot in die agtergrond wat 'n wakende oog hou oor standaarde en sorg vir die opleiding en betaling van die personeel.

Aan die ander kant het die verantwoordelikhede van die gemeenskap teenoor die skool toegeneem en sal daar vervolgens gekyk word na die rol van die gemeenskap.

**2.3.2 Die breë gemeenskap**

Sowel die onderwys as die verskillende sakebedrywe is ondernemings deur óf die staat óf die private sektor om in die behoeftes van die gemeenskap in beskawingsbelang en/of die maak van wins te voorsien (Van Schalkwyk, 1981,139). In hierdie sin het die onderwys dan ten doel die vorming van die persoon vir sy eie toekoms en terselfdertyd die ontwikkeling van die persoon tot welsyn van die gemeenskap waarvan hy eendag 'n lid sal wees (Syncom, 1986:21). Die gemeenskap is dus enersyds van die onderwys afhanklik, maar aan die ander kant is die onderwys weer van die gemeenskap afhanklik. Aangesien die breë gemeenskap die vernaamste gebruiker van die onderwys is, is dit te verwagte dat hy sy deel tot die onderwys sal bydra (Van der Walt, 1985:130). Gelukkig is daar 'n groeiende bewuswording wêreldwyd dat die onderwys primêr die verantwoordelikheid van die gemeenskap is (Syncom,

1986:21). Die gemeenskap en in besonder die bedryf kan veral finansieel betrokke raak by die skool deur middel van borgliggame.

### 2.3.2.1 Die borgliggaam

Die borgliggaam word deur die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988) soos gewysig deur GK R441 regulasie 1 gedefinieer as 'n instansie of groep persone deur die Minister van Onderwys en Kultuur goedgekeur, wat vanweë hulle betrokkenheid by die staatsondersteunde skool, bereid is om dit finansieel te ondersteun (vergelyk ook Anon., 1992c:5).

'n Borgliggaam kan dus aangestel word, indien die bestuursliggaam 'n instansie kan vind wat bereid is om as borgliggaam op te tree, byvoorbeeld trustees van die trustfonds, oudleerlinge, ouers, ensovoorts (DOK, 1992a:7).

'n Borgliggaam kan verteenwoordiging in die bestuursliggaam verkry. Die getal lede word deur die Uitvoerende Direkteur bepaal en moet minder as die helfte van die totale ledetal wees (Wet 70 van 1988, regulasie 2(1c)). Die borgliggaam wys self hierdie lede aan.

Nadat die borgliggaam die lede aangewys het wat in die bestuursliggaam moet dien, moet die borgliggaam die skoolhoof en die Uitvoerende Direkteur onverwyld skriftelik in kennis stel van die name en adresse van die persone wat aldus aangewys is (regulasie 17).

### 2.3.2.2 Funksies van borgliggame

Die funksies van die borgliggaam van 'n staatsondersteunde skool is onder meer die volgende (DOK, 1992a:8):

* 'n Borgliggaam is 'n instansie of groep persone wat, vanweë hul betrokkenheid by die staatsondersteunde skool,

  • bereid is om dit finansieel te ondersteun of onderneem om te help om addisionele fondse vir die staatsondersteunde skool in te samel;

  • help om 'n skool in stand te hou;

  • dit gedeeltelik te onderhou en op dié wyse 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling van die gemeenskap te lewer;

  • die staatsondersteunde skool tot hulp kan wees, veral vir die aanvulling van fondse vanuit die betrokke gemeenskap waar so 'n staatsondersteunde skool geleë is, en

  • die ouers en die gemeenskap in die geheel kan betrek by die skole van 'n betrokke gemeenskap.

* 'n Borgliggaam sal 'n belangrike bydrae tot die bestuur van 'n staatsondersteunde skool lewer deur te help met die gedeeltelike of totale befondsing van die staatsondersteunde skool se bedryfs-uitgawes. Dit impliseer dat die skoolgeld van leerlinge verminder of selfs uitgeskakel kan word.

* Aangesien lede van die borgliggame deel kan wees van die bestuursliggaam, kan hulle 'n belangrike komponent van die bestuursliggaam van die betrokke skole vorm. Hulle is vertroud met die ekonomiese uitgangspunte van groter "effektiwiteit",

"doeltreffendheid" en "aanspreeklikheid". Dié kundigheid kan help dat skole ekonomies bedryf word.

Daar kan 'n probleem ten opsigte van borgliggame ontstaan waar 'n paar skole in dieselfde omgewing naby mekaar geleë is (DOK, 1992a:8). Die probleem kan opgelos word deur borgliggame wat skole in dieselfde omgewing finansieel steun en wat moontlik baie sterk is, saam te voeg. Hierdeur word 'n baie sterk borgliggaam verkry wat 'n paar skole finansieel kan steun. Hier kan sterk op die nywerhede en sakeondernemings van die omgewing waarin die skole geleë is, gesteun word en is dit belangrik om van die nyweraars as bestuurslede in die bestuursliggaam te laat dien (vergelyk Bray, 1986:37).

Dit blyk dus dat die breë gemeenskap as 'n vername gebruiker van onderwys 'n groter verantwoordelikheid ten opsigte van die onderwys verkry en in die toekoms waarskynlik 'n groter finansiële bydrae sal moet maak. 'n Spesiale deel van die gemeenskap is die ouergemeenskap van skoolgaande kinders wat in 'n besondere verhouding tot die staatsondersteunde skool staan. In die volgende gedeelte word gekyk na die rol van die ouergemeenskap.

### 2.3.3 Die ouergemeenskap

Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988) soos gewysig deur GK R441 van 14 Februarie 1992 maak voorsiening vir die betrokkenheid van ouers by die onderwys van hulle kinders deurdat:

* 'n ouer verkies kan word tot die bestuursliggaam van die betrokke skool (regulasie 2(b)), mits hy nie gediskwalifiseer word deur die bepalings van regulasie 3 nie;

* 'n ouer die reg het om 'n kandidaat vir verkiesing tot die bestuursliggaam te nomineer (regulasie 13(1)), en

* 'n ouer geregtig is om tydens 'n verkiesing van lede van 'n bestuursliggaam te stem (regulasie 8(1)).

Die Uitvoerende Direkteur (TOD, 1990a:13) noem dat die ouer gedurende sy kind se skooljare volledig betrokke behoort te wees by die formele onderwys wat sy kind by die skool ontvang. Die ouer behoort meelewing daarmee te hê, die formele onderwys te ondersteun en te verryk, saam daaroor besluite te neem, diens aan die skool te lewer en die kind so goed as moontlik te bly versorg. Gebalanseerde betrokkenheid van ouers en die gemeenskap behoort by 'n verskeidenheid buitekurrikulêre aktiwiteite aangemoedig te word (TOD, 1990b:5). Daar is dus 'n definitiewe plek vir deelname van ouers wat oor besondere gawes of talente beskik wat in belang van die skoolgemeenskap benut kan word (TOD, 1992:49). Die koms van model C-skole bied juis aan ouers groter geleentheid om meer betrokke by die skool te raak.

Van Schalkwyk en Oosthuizen (1993:67-70) onderskei drie moontlike terreine vir ouerbetrokkenheid:

* kurrikulêre aktiwiteite wat kan behels die benutting van enkele vrywillige en bekwame ouers;

* niekurrikulêre aktiwiteite waaronder sportafrigting, kulturele bedrywighede, sosiale geleenthede, vervoer en so meer, en

* skoolbestuurstake.

Die feit dat slegs 90 skole teen Junie 1992 verkies het om die status quo te behou teenoor 2044 skole wat verkies het om staatsondersteunde skole te word, getuig van 'n oorweldigende steun van ouergemeenskappe ten gunste van groter outonomie en die noodwendig groter ouerbetrokkenheid wat laasgenoemde model meebring (Terblanche, 1992:1). Hierdie feit bring mee dat ouers moet besef dat hulle betrokke moet raak by die bestuur van die skool deur die verkiesing van bestuursliggame. Hulle moet baie versigtig wees en moet seker maak dat die regte persone in bestuursliggame verkies word, daar die toekoms van hulle kinders op die spel kan wees, indien die verkeerde persone verkies sou word (Cumming, 1992:6).

Die ouers wat nou in die bestuursliggaam verteenwoordig is, is direk betrokke by die bestuur van die skool; daarom is dit nodig om in detail na die rol van die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool te kyk.

### 2.3.4 Die bestuursliggaam

#### 2.3.4.1 Agtergrond

Die staatsondersteunde skool word ingevolge die bepalings van die wet (Wet 70 van 1988) deur 'n bestuursliggaam bestuur en beheer en die uitvoerende mag berus ook by sodanige bestuursliggaam (DOK, 1992a:6). Die bestuursliggaam se bevoegdhede, werksaamhede en pligte word ingevolge regulasie 6 van die regulasies betreffende bestuursliggame van staatsondersteunde skole, uitgesonder staatsondersteunde skole vir buitengewone onderwys, uitgevaardig kragtens die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet no 70 van 1988) soos gewysig in Goewermentskennisgewing R.2932 van 6 Desember 1991 en

Goewermentskennisgewing R.441 van 14 Februarie 1992, soos volg omskryf (vergelyk Anon., 1992c:8 en Van Schalkwyk & Oosthuizen, 1993:71-73):

* 'n Bestuursliggaam bestuur die eiendom van 'n staatsondersteunde skool en oefen, behoudens die bepalings van die Wet, beheer oor die skool en sy werksaamhede uit.

* 'n Bestuursliggaam kan een of meer komitees aanstel om hom te adviseer en om, onderworpe aan die voorskrifte van die bestuursliggaam, die werksaamhede wat die bestuursliggaam bepaal te verrig (regulasie 6(2)).

* 'n Bestuursliggaam kan persone wat nie lede van die bestuursliggaam is nie, as lede van 'n komitee volgens subregulasie (2) aanstel, maar met die voorbehoud, dat die bestuursliggaam een van sy lede as voorsitter van sodanige komitee aanstel.

* 'n Bestuursliggaam kan 'n besluit van 'n komitee wysig of nietig verklaar (regulasie 6(4)).

* 'n Bestuursliggaam kan, na oorleg met die ouergemeenskap en behoudens die bepalings van die regulasies betreffende voorwaardes vir toelating van leerlinge tot openbare skole, kriteria vir die toelating van leerlinge tot 'n staatsondersteunde skool bepaal (regulasie 6(5)).

* 'n Bestuursliggaam kan skoolgeld hef en betaling daarvan afdwing (regulasie 6(6)).

'n Bestuursliggaam word kragtens die wet volgens bepaalde voorskrifte verkies deur die ouers van ingeskrewe leerlinge van die betrokke skool (vergelyk regulasie 3 en 7 van die Wet).

Volgens wetgewing (Wet 70 van 1988, regulasie 2) is die samestelling van die bestuursliggame van staatsondersteunde skole soos volg:

* Die hoof van die staatsondersteunde skool is lid van die bestuursliggaam.

* Die liggaam bestaan uit minstens 4 en hoogstens 12 lede soos deur die Uitvoerende Direkteur vir die betrokke skool bepaal.

* Lede van die bestuursliggaam word deur die ouers van leerlinge aan die betrokke skool verkies sodat die meerderheid lede van die bestuursliggaam wel ouers van leerlinge aan die betrokke skool is.

* Waar die skool voorsiening maak vir beide Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge, bepaal die Uitvoerende Direkteur die getal lede van die minderheidstaalgroep wat in die bestuursliggaam verteenwoordig moet wees.

Bray (1986:37) beveel ook aan dat daar belangrike plaaslike leiers as lede van die bestuursliggaam verkies moet word. Hierdie 'politieke aanstellings' kan groot invloed namens die skool uitoefen.

Cumming (1992:16) beweer dat die take van die bestuursliggaam in uitvoerende portefeuljes verdeel moet word en dat lede van die bestuursliggaam dan hiervolgens verkies moet word. So kan, waar moontlik,

kundiges verkies word vir finansies, reklame, instandhouding, bemarking en ander bestuursareas volgens die behoeftes van die besondere skool.

#### 2.3.4.2 Bevoegdhede en verantwoordelikhede van 'n bestuursliggaam

Volgens die **Handleiding vir Staatsondersteunde Skole** (DOK, 1992a:6), sluit die bevoegdhede wat kragtens die Wet aan die bestuursliggaam toegesê word, 'n verskeidenheid sake in (sien ook TOD, 1993:hfst.31.9.3 en Beckmann, 1992:15):

* Die bestuursliggaam moet as die amptelike mondstuk van die ouers van skoolgaande leerlinge optree.
* Sake wat betrekking het op die welsyn van die betrokke skool moet onder die aandag van die betrokke provinsiale onderwysdepartement gebring word.
* Besluite ten opsigte van terreininstandhouding en -onderhoud en instandhouding van geboue en fisiese fasiliteite moet geïmplementeer word.
* Die bestuursliggaam het die bevoegdheid om skoolgeld te hef en die betaling daarvan af te dwing (met inagneming van mindergegoede ouers); en sodanige fondse te administreer, te beskik en toe te wys. Skoolgeld word in 'n statutêre fonds geplaas wat groter verantwoordelikhede vir die bestuursliggaam meebring en aan onafhanklike ouditering onderhewig is.

* Aanstelling van onderwys-, administratiewe en ander personeel op die goedgekeurde diensstaat waar sodanige aanstellings kragtens artikel 97(1)(b) van die Wet (Wet 70 van 1988) onderhewig is aan die vooraf verkreë goedkeuring van die minister.

* Aanstelling van personeel in bevorderingposte, nadat die pos in die vakaturelys en, indien verkies, in die openbare media geadverteer is en die bestuursliggaam 'n lys gekeurde kandidate ontvang het wat deur die provinsiale onderwysdepartement se keurraad opgestel is.

* Die bestuursliggaam het die bevoegdheid om personeel addisioneel, bo en behalwe personeel op die departementele diensstaat,aan te stel en te besoldig met dien verstande dat die skool onderhewig is aan registrasie en om beursskemas te implementeer;

* Die bestuursliggaam besluit oor die skooldrag van die leerlinge van die skool.

* Die bestuursliggaam lewer advies aan ouers oor die organisasie en bedryf van vervoerskemas vir leerlinge van die skool.

* In samewerking met die skoolhoof word besluit oor die daaglikse openings- en sluitingstye van die skool, die tipe buitemuurse bedrywighede van die skool en die gedragskode van leerlinge van die skool.

* Die bestuursliggaam het die bevoegdheid om besluite te neem en te implementeer ten opsigte van die toelatingsbeleid en -vereistes van leerlinge en koshuisleerlinge, 'n ouer- of onderwyservereniging, die

vasstelling van ouderdomsgrense vir elke standerd in samewerking met die provinsiale onderwysdepartement, die uitoefening van 'n keuse, maar onderhewig aan goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur met betrekking tot studierigtings (kursusse) en vakpakkette binne die vasgelegde kurrikulum op nasionale vlak wat 'n skool aan sy leerlinge kan bied en om self bykomende studierigtings met die toestemming van die Uitvoerende Direkteur in te stel en te finansier, en buitemuurse aktiwiteite en meer spesifiek die afrigting en vervoer van leerlinge en die organisering van aktiwiteite.

* Minstens een keer per jaar word by 'n algemene jaarvergadering verslag van die finansies gedoen, waartydens die begroting vir die daaropvolgende boekjaar voorgelê word, of in 'n nuusbrief aan die ouers word verslag van die werksaamhede gedoen.

* Alle ander bevoegdhede word uitgeoefen en die ander werksaamhede wat die wet aan die liggaam verleen of opdra, word verrig.

* Beskik oor die bevoegdheid om in 'n gemeenskap donasies deur byvoorbeeld skenkings te aanvaar, te behou en te administreer.

* Die bestuursliggaam het die bevoegdheid om die fisiese fasiliteite van die skool tot die beskikking van die gemeenskap te stel, vergoeding daarvoor te bepaal en die fondse te behou en te administreer, met dien verstande dat sodanige reëlings nie inbreuk maak op die normale onderrigprogram van die skool nie.

Omdat die staatsondersteunde skool groter verantwoordelikheid ten opsigte van die finansiering van die bedryfskoste aanvaar, rus daar nou 'n groter verpligting op die skouers van die ouers, en by name die bestuursliggaam. Die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool moet kragtens artikel 36 van die wet (Wet 70 van 1988) en ooreenkomstig die voorskrifte wat die onderwyshoof uitreik:

* aantekeninge hou van geld deur die staatsondersteunde skool ontvang of bestee, en van die bates, laste en finansiële transaksies van die staatsondersteunde skool (subartikel 2(a));

* so gou doenlik, maar hoogstens drie maande na die einde van elke boekjaar, finansiële jaarstate op te stel wat, met gepaste besonderhede, geld ontvang en uitgawes aangegaan deur die staatsondersteunde skool gedurende, en sy bates en laste aan die einde van, die betrokke boekjaar aantoon (subartikel 2(b));

* die aantekeninge en finansiële jaarstate soos in subartikel (2) bedoel, word geouditeer deur iemand wat ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet no 51 van 1951) as rekenmeester en ouditeur geregistreer en deur die bestuursliggaam aangestel is (subartikel 3), en

* 'n bestuursliggaam moet binne ses maande na die einde van elke boekjaar 'n afskrif van die finansiële jaarstate wat ingevolge subartikel (3) geouditeer is aan die onderwyshoof voorlê (subartikel 4).

Die besluitnemingsbevoegdhede wat aan ouers toegesê word vanweë die afgewentelde magte impliseer nie dat die bestuursliggame onderwysterreine mag betree wat uitsluitlik die verantwoordelikheid van die professie is nie, byvoorbeeld die vasstelling van personeelbeleid, die onderrig deur die onderwyser en die onderwyser se benadering tot die kurrikulum (DOK, 1992a:7).

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die bestuursliggaam van die staatsondersteunde skool verreikende magte maar ook groot verantwoordelikhede het. Dit blyk dat die bestuursliggaam die verantwoordelikheid het om te sorg vir die instandhouding van 'n infrastruktuur van fasiliteite, voorraad, finansies en personeel by 'n skool sodat opvoedende onderwys in die skool kan plaasvind.

### 2.3.5 Die kerk

Artikel 62 van die Wet (Wet 70 van 1988) bepaal dat daar daagliks 'n godsdiensplegtigheid by 'n openbare skool sal wees wat bestaan uit die lees van 'n gedeelte uit die Bybel en die doen van 'n gebed (subartikel 1). Word hierdie saamgelees met artikel 6 van dieselfde wet wat onder meer bepaal dat die onderwyshoof verskillende onderwysprogramme kan bepaal of goedkeur, blyk dit dat dit die Onderwyshoof vry staan om 'n godsdienstige of Bybelonderrigprogram by staatondersteunde skole in te stel. Behalwe dat bogenoemde artikel 62 verder bepaal dat geen dogma of leerstelling van 'n spesifieke denominasie of sekte verkondig mag word nie (subartikel 3), word die rol van die kerk in die staatsondersteunde skool nie statutêr vasgelê nie.

Die funksionele taak van die kerk hou verband met menslike ontsluiting naamlik onderwys, onderrig en opvoeding (Van Schalkwyk, 1988:158). Die ontsluiting van die geloofs- en godsdienswerklikheid van die mens deur die kerk, geskied by wyse van woordverkondiging, sakramentbediening en toesighouding. Om hierdie funksie te kan verrig, beskik die kerk oor 'n unieke karakter en daarom vervul die kerk sy taak met betrekking tot die skool op die volgende unieke wyse (Van Schalkwyk, 1988:159):

* formeel, op 'n gereelde wyse kan die kerk, as instelling, inspraak lewer deur bepaalde "kanale", en

* informeel beïnvloed die kerk die onderwys deur sy lidmate wat as ouers, bestuursliggaamslede, onderwysers, onderwysbeplanners en so meer die onderwys uitvoer of dien.

Omdat die kerk se lidmate dan ouers of onderwysers van die skool is, en sy katkisante leerlinge van die skool mag die kerk nie onverskillig staan teenoor veral die gees en rigting van die skool en die leerinhoud nie (Van der Westhuizen, 1985:118). Ongelukkig is dit so dat die kerk se betrokkenheid by die skool in 'n groot mate beperk is. Die predikant is normaalweg lid van 'n skoolkomitee of bestuursliggaam, of lede van die kerk verteenwoordig die kerk 'swyend' as onderwysers of ouers (ibid., 119). Van kerkkant is daar geen inspraak oor Christelike vakonderrig of oor die leerinhoude nie (ibid.).

Volgens Kruger (1992:26) bring model C-skole 'n bykomende verantwoordelikheid vir die kerk om noulettend te kyk na kinders in die gemeente wat ondersteuning nodig het om behoorlike onderwys te kry. 'n

Onderwys- en opleidingsfonds is nou vir elke kerkraad 'n saak van dringende belang (ibid.).

Dit is dus duidelik dat die kerk nie direk inspraak het op die gebeure by die staatsondersteunde skool nie, maar dat dit wel 'n rol te speel het deur sy lidmate en selfs ampsdraers wat lede van die bestuursliggaam of onderwysers by die skool kan wees. Die een onderwyser by die staatsondersteunde skool wat waarskynlik die grootste invloed op die skool kan uitoefen, is die hoof en daarom sal vervolgens gekyk word na die rol van die hoof aan die staatsondersteunde skool.

### 2.3.6 Die hoof van 'n staatsondersteunde skool

Die skoolhoof is die persoon wat aan die hoof van die staatsondersteunde skool staan. Hy is die persoon wat besluite neem en oor die algemeen moet toesien dat die standaard van onderwys en opvoeding van 'n hoogstaande gehalte is (Fourie, 1990:1). Die hoof se primêre rol is dié van onderrigleier (Janson, 1993:64). Naas die primêre taak van opvoeding is die hoof in die tweede plek die professionele leier van sy skool (TOD, 1993:5.1). Word daar meer in besonderhede gekyk na die taak en die rol van die hoof van 'n staatsondersteunde skool, kan onder meer die volgende uitgelig word (DOK, 1992a:23-25):

* Die skoolhoof van 'n staatsondersteunde skool is in beheer van 'n skool wat midde-in die gemeenskap staan en wie se doen en late die meeste lede van die gemeenskap op die een of ander manier raak. Die hoof dra die volle verantwoordelikheid vir die bestuur en die uitvoering van die beplanning van sy betrokke skool. Deur sy optrede en deur die wyse waarop sy beplanning ten uitvoer gebring

word, word die beeld van die skool na binne en buite uitgebou. In hierdie opsig is die hoof van 'n staatsondersteunde skool teenoor die bestuursliggaam aanspreeklik.

* Die skoolhoof staan aan die hoof van 'n goed opgeleide, professionele personeel wat na hom opsien om aan hulle gesonde en doeltreffende leiding in alle vertakkinge van skoolaangeleenthede te gee. Ook die leerlinge en hulle ouers sien na hom op om aan hulle koers en rigting aan te dui wat die opvoeding en onderwys van die leerlinge betref. In hierdie sin is hy die opvoedkundige leier van sy personeel, leerlinge en die ouergemeenskap. Hierdie leierskap plaas op hom die verantwoordelikheid van beplanning, organisasie, delegering van pligte, kontrolering, advisering en koördinering. Hy is ook die direkte skakel tussen die bestuursliggaam en die res van die skoolpersoneel.

* Te midde van al sy veelvuldige pligte bly die skoolhoof die hoofverteenwoordiger van die onderwysdepartement by die skool en as sodanig sien hy toe dat die beleid van die onderwysdepartement uitgevoer word. Hy dien as skakel tussen die skool en die hoofkantoor, onderwysbeplanners, departementele beamptes, ouers, ouerverteenwoordigers, die bestuursliggaam en ander instansies.

* Alhoewel die skoolhoof in samewerking met die bestuursliggaam oorkoepelende beheer oor alle skoolaangeleenthede uitoefen, is sy hooftaak die opvoedkundige en akademiese welsyn van die skool deur onder meer:

- algemene leiding en advies aan die onderwyspersoneel ten opsigte van die opvoedkundige praktyk te gee;
- klasbesoek te doen;
- besondere leiding aan onervare personeel te gee;
- in samewerking met die adjunkhoof en/of ander senior professionele personeel te bepaal wie vir verskillende vakke en klasgroepe gebruik sal word;
- vergaderings met die vakhoofde te hou ten einde breë akademiese beleid te bespreek en te bepaal;
- wanneer geleë, vakvergaderings by te woon;
- breë kontrole oor toetse en eksamens uit te oefen;
- onderwysers met raad te dien;
- onderwyspersoneel vir onder andere bevordering / aanstelling te evalueer, en
- volle verantwoordelikheid te aanvaar vir die ontvangs en inskakeling van studentonderwysers en die nodige leiding ten opsigte van die klaskamerpraktyk aan hulle te gee.

* Aanvullend tot sy hooftaak moet die skoolhoof ook die volgende pligte nakom:

    - In oorleg met die bestuursliggaam beplan hy die kursusse en vakke wat in sy skool aangebied word.

- Hy streef na die doeltreffende funksionering van 'n voorligtingsdiens in die skool sodat leerlinge deur middel van groep- en individuele voorligting gehelp sal word met hulle persoonlike probleme, leerprobleme, die keuse van vakke en studierigtings en die keuse van beroepe.
- As hoof is hy vir die algemene skooldissipline verantwoordelik.
- Hy gee aandag aan die welsyn van die personeel en die leerlinge.
- Die byeenkomste van leerlinge word gewoonlik deur hom, of sy gedelegeerde waargeneem waartydens die karakter en gees van die skool uitgebou word.
- Hy reël en lei personeelvergaderings oor algemene skoolsake.
- Hy gaan leerlingverslae aan ouers na, lewer kommentaar daarop en onderteken hulle (of delegeer 'n deel van hierdie taak).
- Die uitreiking van getuigskrifte aan leerlinge is sy prerogatief.
- Hy bevorder sy skool se beeld na buite op talryke maniere, onder andere deur middel van allerlei funksies, byeenkomste en besoeke.
- Binne die beleid van die bestuursliggaam behou hy oorhoofse beheer oor al die skool se buitemuurse bedrywighede.
- Alle verslae aan ouers, die departement en ander onderwysinstansies geskied onder die beheer van die hoof.

- In oorleg met sy personeel doen hy aanbevelings aan die superintendente van onderwys oor die bevordering, al dan nie van leerlinge.

- Hy voer onderhoude met besoekers aan die skool soos departementele beamptes, ouers en ander instansies, of verwys hulle na 'n bepaalde lid van sy personeel.

- Hy skakel met die verteenwoordigers van ouers en is 'n belangrike skakel tussen die ouers en die departement.

Uit bostaande is dit duidelik dat die taak van die hoof aan 'n staatsondersteunde skool kompleks en uiteenlopend is. Enersyds is hy die professionele onderrigleier en aan die ander kant word van hom verwag om die finansiële bestuurder te wees. Tereg kan met Basson (1991:17) saamgestem word dat die hoof moontlik hier te make kan hê met 'n botsing tussen sakebeginsels en onderwyskundige beginsels. Die hoof wat in die eerste plek waarskynlik gekies het om onderwyser en opvoeder te wees, word nou verplig om finansiële bestuurder te word (Hattingh, 1993).

Die hoof staan egter nie alleen in sy taak as opvoeder en onderrigleier in die skool nie, maar word bygestaan deur 'n span professionele onderwysers wat vervolgens van nader ondersoek sal word.

### 2.3.7 Die onderwysers aan die staatsondersteunde skool

Onderwysinstellings, waaronder ook staatsondersteunde skole, word beman deur 'n korps beroepsopvoeders of professionele opvoeders wat die

funksionele taak van die onderwysstelsel, naamlik opvoedende onderwys moet verrig (Van Schalkwyk, 1988:159).

Die essensiële hoedanigheid van die onderwyserskorps is, volgens Van Schalkwyk (1988:159), dat die lede:

* volwassenes is wat die taak van onderwyser en opvoeder kan uitvoer;
* professioneel geskool is en dus oor die kennis en kundigheid beskik om te kan onderrig;
* vakkundig of akademies geskool en in besit is van bepaalde vakkennis wat nodig is in die ontsluiting van die leerder;
* lewensbeskoulik toegerus is om sowel hulle vakkundige kennis as hulle professionele vaardigheid en kennis in die lig van hulle lewensfilosofie doeltreffend aan te wend.

Ingevolge Artikel 31(b) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (Wet 70 van 1988) berus die bestuur, beheer en uitvoerende mag van 'n staatsondersteunde skool by die bestuursliggaam. Bogenoemde impliseer dat die bestuursliggaam verantwoordelik en aanspreeklik sou wees *vir die professionele* terrein van die onderwyser. Artikel 32 van dieselfde wet bepaal egter dat die minister subsidies aan die staatsondersteunde skole kan toeken op voorwaardes wat hy bepaal. Op grond van laasgenoemde bepaling het die Minister van Onderwys en Kultuur dan ook op 12 Augustus 1992 onomwonde gestel dat die bestuursliggaam nie met die professionele werksaamhede van die onderwyser mag inmeng nie (Anon., 1992b:5). (Kyk ook paragraaf 2.4 in hierdie verband.)

### 2.3.8 Die georganiseerde onderwyskorps

Statutêr word bepaal dat onderwyspersoneel in onderwysposte by staatsondersteunde skole ingevolge artikel 8B(3)(a) van die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No 39 van 1967) by die Federale Onderwyswersraad (FOR) moet registreer. Sodanige personeel is onderhewig aan die bepalings van die **Professionele Gedragskode vir Onderwysers**. Ooreenkomstig die bepalings van genoemde wet is die FOR deur die minister erken om op nasionale vlak in belang van die onderwysprofessie op te tree.

Niestatutêr, op provinsiale vlak,word die georganiseerde onderwysprofessie verteenwoordig deur die erkende onderwysverenigings wat op hulle beurt weer lid van die FOR is. Lidmaatskap tot die verskillende onderwysers-vereningings op provinsiale vlak is opsioneel (Mentz, 1993). Die belange van die onderwyser word dus deur die georganiseerde onderwysprofessie volgens wet en regulasie hanteer en erkende ouerliggame het nie 'n direkte funksie in dié verband nie (DOK, 1992a:7).

## 2.4 Die verhouding tussen die hoof en die bestuursliggaam

Daar is aangetoon dat die hoof van die staatsondersteunde skool, as onderwysleier, 'n besondere taak het ten opsigte van die skool. Aan die ander kant het die bestuursliggaam van die skool weer die taak om die skool te beheer en te bestuur (kyk paragraaf 2.5.4). Tussen die hoof en die bestuursliggaam moet daar dus goeie samewerking wees en 'n besondere verhouding bestaan. Ten opsigte van die verhouding tussen die hoof en die bestuursliggaam kan die volgende genoem word (DOK, 1992a:25):

* Die hoof is 'n lid van die bestuursliggaam (regulasie 2 ).

* Kragtens die bepalings van die wet berus die bestuur, beheer en uitvoerende mag van 'n staatsondersteunde skool by sy bestuursliggaam.

* Die bestuursliggaam kan nie opdragte aan die skoolhoof of 'n onderwyser gee wat teenstrydig met die landswette of onderwysbeleid is nie en mag geensins met die professionele werk van 'n personeellid by die vervulling van sy pligte inmeng nie.

* Die hoof van 'n staatsondersteunde skool is die hoofuitvoerende beampte van die skool en is, behoudens die beheer en voorskrifte van die bestuursliggaam, verantwoordelik vir die uitvoering van die bestuursliggaam se besluite.

* Die bestuursliggaam kan 'n lid of lede aanwys wat by geleenthede die skool kan besoek en aan die bestuursliggaam skriftelik verslag doen in verband met enige aangeleentheid, uitgesonderd die professionele onderwysprogram, wat in belang van daardie skool, leerlinge of personeel is. 'n Lid van die bestuursliggaam het egter geen magtiging om 'n onderwyser, vir watter rede ook al, in die klas te besoek nie. In dié verband het die **Kernkomitee: model C-skole,**onder leiding van die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad), aanbeveel dat ondersoek ingestel moet word na die instelling van 'n spesifieke komitee by elke staatsondersteunde skool om die bestuursliggaam ten volle oor alle werksaamhede in te lig. Die komitee sal saamgestel wees uit die hoof, sy bestuurspan, twee lede van die bestuursliggaam

en benoemde lede uit die res van die onderwyspersoneel (Anon., 1992b:5). Die funksies van sodanige komitee sal die volgende behels:

- Die organisasie en beheer oor akademiese onderrig van leerlinge.
- Die bestuursliggaam van advies te bedien met betrekking tot alle professionele en akademiese aangeleenthede wat hy nodig ag en die opdragte wat die bestuursliggaam aan hom toewys, te behartig.
- Oorweging te verleen aan, besluite te neem en beheer uit te oefen oor die professionele implementering en opvolging van vakverslae vanaf hulpdiensfunksionarisse wat deur die bestuursliggaam na hom verwys word.
- In die algemeen te dien as akademiese skakelforum tussen die model C-skool se onderwysers en die bestuursliggaam ten opsigte van professionele aangeleenthede.

* As hoofuitvoerende beampte van die bestuursliggaam moet die hoof (vergelyk ook Anon., 1992b:5):

  - al die besluite wat deur die bestuursliggaam geneem is, vertolk;
  - uitvoering gee aan besluite van die bestuursliggaam;
  - beheermaatreëls instel sodat alle besluite behoorlik uitgevoer kan word;
  - kontrole uitoefen oor besluite van 'n vertroulike aard;

- terugrapporteer aan die bestuursliggaam wat betref die vordering en afhandeling van besluite;
- sorg dra dat besluite so hanteer word dat die bestuursliggaam behoorlik tevrede gestel is;
- die bestuursliggaam ten volle op hoogte te hou van alle werksaamhede, met insluiting van die professionele aangeleenthede in die skool, en
- die funksie van rekenpligtige verrig.

Uit bostaande is dit duidelik dat die hoof van 'n staatsondersteunde skool nie net 'n goedopgeleide onderwyskundige moet wees nie, maar dat hy ook bestuurskundig deeglik onderlê behoort te wees.

## 2.5 Die staatsondersteunde skool as regspersoon

Kragtens artikel 30(1) van die Wet (Wet 70 van 1988) is die staatsondersteunde skool 'n regspersoon. Dit beteken dat die staatsondersteunde skool 'n liggaam of organisasie is, maar nie 'n natuurlike persoon nie, wat regtens bevoegd is om bepaalde regte en verpligtinge op dieselfde wyse as 'n natuurlike persoon uit te oefen by wyse van sy bestuursorgaan, maar dat die persone wat die bestuursorgaan vorm nie in hulle persoonlike hoedanigheid aanspreeklik gehou sal word nie (Klopper, 1993:3). Die uitsondering is dat die skool nie sonder die goedkeuring van die minister sy onroerende eiendom mag verhuur, verkoop of op 'n ander wyse vervreem of aan iemand anders saaklike reg of serwituut daarop mag verleen nie (subartikel 2).

Behalwe bogenoemde uitsondering beskik die skool oor die eiendomsreg van die roerende sowel as die onroerende goed in die skool (Mentz & Oosthuizen, 1993:30). Bogenoemde impliseer dan verder dat die skool mag handel dryf en wettige en bindende kontrakte mag sluit. Gesien in die lig van die terugvalklousule, sal die skool verplig wees om baie versigtig te wees in die hantering van die roerende en onroerende bates van die staatsondersteunde skool (Beckmann, 1992:8).

By die staatsondersteunde skool word die verantwoordelikheid vir die verskaffing van 'n aansienlike deel van die bedryfskostes voor die deur van die skool self gelê. Die ouers moet of bereid wees om deur verhoogde skoolgeld alleen die bykomende uitgawes te dra, of die skool moet in 'n sakeonderneming verander word wat al sy hulpbronne moet aanwend om maksimum finansiële voordeel daaruit te behaal (Myburgh, 1992:15). Botha (1992:11), asook Walter (1992:9) beweer dat skole al meer soos sakeondernemings bedryf moet word met die bestuursliggame in die rol van die direksie. In enkele weke kan 'n stabiele, tradisionele staatsdiensomgewing omskep word in 'n bynes van entrepreneursaktiwiteite (Myburgh, 1992:15).

Uitsprake soos bogenoemde wil die indruk skep dat die rol van die staatsondersteunde skool meteens totaal verander het. Skrywers, en veral joernaliste in dagblaaie, verloor uit die die oog dat die doel van die skool nie in die eerste instansie is om wins te maak nie. 'n Sakeonderneming word suksesvol bedryf wanneer daar wins gemaak word. Die skool is geslaagd as daar aan sy missie voldoen word (Steyn, 1993). Onderwysbestuurders moet daarom baie versigtig besin oor wat die missie van die skool moet wees. In die missie word vasgelê wat die bestaansreg en basiese doel van die skool sal

wees (Van den Berg, 1992:8). As daar besin word oor die doel en bestaansreg van enige skool, moet daar met Van der Westhuizen (1990a:149) saamgestem word dat dit wentel om opvoedende onderwys. Nieteenstaande die feit dat die staatsondersteunde skool 'n regspersoon met handelsbevoegdheid is, bly die primêre doel van die skool steeds opvoedende onderwys.

Alhoewel die staatsondersteunde skool dus van gesonde sakebeginsels en bestuurstegnieke gebruik kan maak en moet maak, word die staatsondersteunde skool nie daardeur verander in 'n sakeonderneming nie. Dit sou onrealisties wees om alles wat vir die sakewêreld bedoel is net so op die skool te probeer toepas (Pyper, 1992:3).

Uit die voorafgaande gedeeltes is dit duidelik dat die staatsondersteunde skool in sekere opsigte aansienlik verskil van die openbare of staatskool. Die vraag wat onstaan, is of die staatsondersteunde skool enige voordele het bo die tradisionele, openbare skool?

## 2.6 Die voordele van 'n staatsondersteunde skoolstelsel

Die volgende voordele van 'n staatsondersteunde skool teenoor 'n Status quo-skool word deur DOK (1992b:2), Garbers (1992:6), Theron (1992:5), Trumpelmann (1992:10) en Van Deventer (1993:4) genoem:

* Daar bestaan 'n gunstiger onderwyser - leerlinge getalsverhouding as by 'n openbare skool.

* Ouers aan 'n staatsondersteunde skool het baie groter inspraak op die karakter en etos van hulle skool wat meebring 'n erkenning van die taal, godsdiens en kultuur van die gemeenskap.

* Deur die staatsondersteunde skool herleef die onderwys as plaaslike verskynsel.

* Die bestuursliggaam kan self besluit oor die aanstelling van tydelike personeel.

* Die bestuursliggaam kan ook kundige persone, wat nie lede van die bestuursliggaam is nie, by sy komitees betrek.

* Omdat die inkomstes van staatsondersteunde skole in hulle eie rekenings gestort word, is daar groter finansiële vryheid vir dié skole.

* Omdat 'n staatsondersteunde skool groter algemene bestuurs-outonomie geniet, kan daar makliker by plaaslike omstandighede aangepas word.

* Daar is 'n groter betrokkenheid van ouers by projekte en die onderhoud van die skool en dus 'n verhoogde samewerking tussen die ouergemeenskap en die skool.

* Daar is 'n groter besparing ten opsigte van water en elektrisiteit omdat skole dit self moet betaal.

* Deur die uithuur van skoolgeriewe word inkomste verhoog en maak dit die skool 'n intergrerende deel van die gemeenskap.

* Daar kan met handelsbanke onderhandel word oor beleggings en bankkoste wat 'n besparing kan meebring.

* Skryfbehoeftes en handboeke kan nou gesamentlik deur skole aangekoop word teen 'n prys wat laer is as staatskontrakte.

Dit word wêreldwyd aanvaar dat staatsondersteunde onderwys die 'goedkoopste' tipe onderwys is (Mentz, 1991:29) deurdat gemeenskapsfondse tot beskikking van die skool gestel word (Van Deventer, 1993:4).

Die model C-stelsel is in werklikheid 'n metode waarvolgens belasting op bevoorregte gemeenskappe gehef word, en sodoende het die staat meer geld tot sy beskikking vir die onderwysbehoeftes van minder bevoorregte en agtergeblewe gemeenskappe. As sodanig is dit, volgens Burrows (Albrecht, 1992:32), 'n herverdelingsmeganisme.

Die staatsondersteunde skool het egter nie net voordele nie, daarom word in die volgende gedeelte enkele nadele van hierdie skoolmodel bespreek.

## 2.7 Die nadele van 'n staatsondersteunde skool

Die bestuursrade van staatsondersteunde skole kan so aan bande gelê word deur allerlei bepalings van owerheidsweë dat daar nie juis ruimte vir uitlewing van eie inisiatief is nie (Van der Walt, 1992:17). Die gevolg kan wees dat die staatsondersteunde skool maar net soos gewone staatskole sal funksioneer, met die verskil dat ouers 'n verpligte geldelike bydrae moet maak.

'n Bykomende finansiële las van bykans R1 000 per jaar word op die skouers van die ouers geplaas (Laurie, 1992:44). Daar sal minder gegoede ouers wees wat nie in staat sal wees om hierdie ekstra finansiële las te dra nie (Van der Walt, 1992:18).

As gevolg van die addisionele finansiële bestuurslas sal hoofde al meer aandag aan begrotings, fondsinsameling en skakelwerk moet bestee. Hoofde

wat opgelei is as spesialis opvoedkundiges, is nie noodwendig toegerus vir hierdie nuwe bestuursrol nie (Anon., 1992a:38; Hattingh, 1993).

Politieke partye en ander organisasies het dit reeds afgemaak as 'n model wat wit eksklusiwiteit in die hand werk en wat rassediskriminasie met ekonomiese diskriminasie vervang (Albrecht, 1992:32 en Segal, 1992:13).

Alhoewel die staat voorsiening maak om die kinders van ouers wat dit nie kan bekostig nie geldelik te subsidieer, is hierdie bydrae van die staat nie naastenby voldoende nie (Anon., 1992a:38). Die gevolg hiervan kan wees dat model C-skole wat in armer gemeenskappe gesetel is net nie die mas sal kan opkom nie.

Probleme kan by skole opduik as daar nie iemand soos 'n rekenmeester of 'n finansiële deskundige as 'n lid van die bestuursliggaam verkies word nie (Albrecht, 1992:33). Die vraag is of 'n bestuursliggaam van ouers wat geen ervaring van finansiële bestuur het nie werklik in staat sal wees om jaarliks duisende (of honderde duisende) rande reg te benut.

Bekwame lede van bestuursliggame staan feitlik sonder uitsondering in voltydse beroepe. Hierdie persone verrig 'n liefdesdiens aan skole en het dikwels net nie die tyd om genoegsaam betrokke te wees by die bestuursaangeleenthede van die skool nie (Hattingh, 1993).

'n Oorbetrokkenheid van ouers by die staatsondersteunde skool kan daartoe lei dat ouers op die bevoegdheidsterrein van die onderwyser oortree. 'n Beterweterige ouer kan letterlik en figuurlik die klaskamer van die onderwyser betree (Viljoen, 1992:23).

Drukgroepe kan binne en buite die skoolgemeenskap vorm. Waar hierdie drukgroepe nog sluimerend was, kan hulle nou met volle oortuiging en energie van hulle laat hoor (Viljoen, 1992:23).

Partypolitieke oortuigings kan nou die skole ingedra word (Viljoen, 1992:23). Veral die verkiesing van bekwame bestuursliggaamslede kan deur partypolitieke vooroordele benadeel word.

## 2.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die agtergrond van die staatondersteunde skool en die verskillende skooltipes of -modelle bespreek. Daar is aandag gegee aan die volgende rolspelers wat betrokke is by die staatsondersteunde skool:

* Die staat.
* Die breë gemeenskap.
* Die ouergemeenskap.
* Die bestuursliggaam.
* Die kerk.
* Die hoof.
* Die onderwyser aan die staatsondersteunde skool.

Daar is gekyk na die verhouding tussen die hoof en die bestuursliggaam van die staatsondersteunde skool en die staatsondersteunde skool as regspersoon.

Ten slotte is die voor- en nadele van die staatsondersteunde skoolmodel oorweeg.

In die volgende hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die bestuurders en die verskillende bestuursareas van 'n staatsondersteunde skool.